# DIE WEDERKOMS - 2

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.
**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie van "Die Wegraping van die Bruid" en "Wederkoms 1" te bestudeer.**

**-o0o-**

**LUKAS 21:27 En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid.**
**Luk 21:28 En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.**
**Luk 21:29 Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: Let op die vyeboom en al die bome.**
**Luk 21:30 Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is.**
**Luk 21:31 So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur.**
**Luk 21:32 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie.**
**Luk 21:33 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.**

**SAGARIA 14:4 En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.**
**Sag 14:5 En julle sal vlug in die dal van my berge – want die dal van die berge sal loop tot by Asal – en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussia, die koning van Juda. Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U!**
**Sag 14:6 En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees.**
**Sag 14:7 En dit sal 'n enige dag wees wat aan die Here bekend is – geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word.**

**OPENBARING 19:19 En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.**
**Open 19:20 En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.**
**Open 19: 21 En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.**

-o0o-

## 1. DIE EENHEID

**Lukas 21: 27 En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid.**

Ons het ook in Openbaring 19 gesien dat die Bruidegom terugkom aarde toe saam met Sy Bruid nadat hulle as 'n eenheid verklaar is deur God die Vader. (Verwys Wederkoms 1). Die Bybel sê vir ons, dat ons vir altyd by die Here sal wees:

- Die eenheid sal nooit weer geskei kan word nie.

-o0o-

- Die eenheid het 'n nuwe naam om tot in alle ewigheid te funksioneer.
  **(Sien ook Lesing: Die Koninkryk van God 5 – Bou die Koninkryk)**

**Die verval van die mens**

Onthou, satan het van Adam en Eva kom vat wat nie aan hom behoort nie, dus iets moet gebeur. Christus Jesus het alles kom herstel en weer vir hom Sy naam gegee.

Die mens het egter weer gekies om die duiwel te volg –

- Onder andere godsdienste te stig en vir die duiwel al hoe meer plek op aarde te gee
- Al die gebeure soos beskryf in die profetiese rede, die haat, rassisme, die peste en kwale en al die demoniese magte wat Christus uit mense kom uithaal het en terug gesit het in die Abyssus (Abyss), het die mens weer toegelaat.

Nou moet daar weer 'n finale slagting plaasvind, as ek dit so kan stel, sodat Christus vir ewig die Koning van die konings kan wees. Hy moet as die Here van die Here geproklameer word in sy finale oorwinning wat Hy sal kom behaal as 'n eenheid saam met Sy Bruid.

**Dit is waarom Christus moet terugkom aarde toe**.

- Hy moet satan vir eens en vir altyd kom vernietig en ontklee
- Hy moet vir satan kragteloos en magteloos vir ewig stel en alles terug vat
- Hy moet die oordeel (judgment) bring op die mense wat gekies het om Christus se liefde te verwerp, die Vader se liefde in Christus te verwerp en om eerder die leuens van satan aan te klou.

## 2. VOLHEID VAN DIE HEIDENE

**Lukas 21:28 En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.**

Van wie word hier gepraat? Hier word van die Josefs en die Benjamins, wat voortgebring (gebaar) gaan word deur die Bruid. **(Verwys lesing Oordele 3 – Volheid van die heidene).**

Ek het leringe uitgesit rondom hierdie tema van Ragel, Jakob se liefdesvrou wat ook 'n tipe van die Bruid is, wat twee seuns gehad het soos in Romeine 11 bespreek word, asook die volheid van die nie-Jode (Gentiles) wat moet inkom. Dit is hulle wat gebonde is. Dit is hulle wat die gerwe op Boas se lande is, wat in gebondenheid staan en wat na oordeel-vloer (judgment) toe moet gaan. Hulle is nie verlore nie, maar dit is siele wat gebonde is. Hulle harte is opreg maar hulle is gebonde, want hulle het nie die regte leiding gekry nie. Daarom sal God die leiers veroordeel soos ons sien in Eségiël 34, omdat hulle die skape verhonger het. Leiers gaan geoordeel word - nie die skape nie.

Ek kry baie video uittreksels (clips) van mense wat ander veroordeel. Nee mense! Ek het onlangs weer een gekry van 'n pastoor wat kamtig dood is. Die mense gooi geld om sy lyk, die geld maak hom wakker en dan staan hy op. Ek sit daar en ek dink "Here hierdie mense kry nie die regte leiding nie!". Hulle harte is opreg en hulle vat miskien die laaste bietjie geld wat hulle het, gaan gooi dit op hierdie man neer, net omdat hy vir hulle die kamtige woord verkondig. Daar is niks fout met hulle harte as hulle net die geld daar gaan neergooi nie! Hulle hoop, maar omdat dit die evangelie is wat vir hulle gegee word, sal God hulle nie oordeel (judge) nie. Dit is hulle waarvan die Bybel hier praat ***omdat julle verlossing naby is***.

- Dit is die Josefs, alle nasies verewig in Christus, want Josef is die kleed met baie kleure. Dit is die nie-Jode (Gentile nasies) wat in Romeine11 beskrywe word, die volheid van die nie-Jode (Gentiles) en die volheid van die heidene.
- Die Benjamins is die Jood, want so sal die hele Israel gered word. Gaan lees gerus Romeine 11.

-o0o-

## 3. DIE WEDERKOMS IS OP HANDE

**Lukas 21:29 Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: Let op die vyeboom en al die bome.**
**Lukas 21:30 Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is.**
**Lukas 21:31 So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur.**

Onthou mooi, ek het gesê die koninkryk van die hemele. Mense, dit is waarom julle hierdie leringe (teachings) moet bestudeer sodat julle dit kan verstaan. Ek het 'n hele reeks leringe rondom die koninkryk van die hemele wat in Christus Jesus op die aarde gevestig word. Die koninkryk van God op aarde word weggevat terug hemel toe, want dit word saam met die Bruid weggeraap. **(Verwys: Die Koninkryk van God reeks 1 tot 6)**

**Lukas 21:32 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie.**
**Lukas 21:33 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.**

Van watter geslag praat hy daar? Hy verwys nie na daardie betrokke geslag teenwoordig, met wie Hy gepraat het nie. Hy praat egter van die geslag wat verby sal gaan die dag wanneer die vyeboom bot en dit is Israel. Ek het ook 'n lering uitgegee van wanneer die wederkoms sal plaasvind en wanneer al hierdie dinge sal plaasvind. Die vyeboom het in 1948 gebot. 'n Geslag, volgens God se woord waar Hy praat met Abraham in Genesis, is 'n honderd jaar. Van 1948 tot 2048 is 'n 100 jaar. Hy sê dat dit nie sal verby gaan nie, so die wederkoms van Christus Jesus, wanneer hy sal terugkom en die nasies kom oordeel, sal moet voor 2048 gebeur. Dit is waarom ek die tydlyne (timelines) uitgesit het van wat alles nog moet gebeur.

- die antichris moet opstaan
- daar moet nog 'n derde wêreld oorlog wees
- die val van die groot hoer moet plaasvind

Al hierdie dinge moet gebeur in 28 jaar se tyd, so ons tyd is maar bitter min. *(ten tye van hierdie lesing)*
(Verwys Wegraping van die Bruid en Wederkoms)

### i) DIE DERDE DAG

**Joh 2: 19 Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig**

Nou wil ek julle net vat na iets anders toe. Jesus het gesê dat die tempel op die derde dag weer opgerig sal word. Die derde dag is nou. Ons is nou in die oggend van die derde dag. Die oggend van die derde dag het die opstanding plaasgevind. Die liggaam van Christus Jesus sal opstaan op die oggend van die derde dag en ons is nou in die oggend van die derde dag. Dit kan enige dag gebeur.

**Sagaria 14:4 En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.**

Hier praat hy van die nasies wat versamel word in Jerusalem en gereed is vir oorlog. Sagaria 14 gaan ook oor die eindstryd van die Godheid. Dit gaan oor die Godsryk en die koninkryk van God wat terug moet kom aarde toe, sodat die duiwel vir eens en vir altyd vernietig kan word en sodat sy volgelinge ook geoordeel kan word.

-o0o-

**Sagaria 14:5 En julle sal vlug in die dal van my berge – want die dal van die berge sal loop tot by Asal – en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussia, die koning van Juda. Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U!**

Dit is die ongelowiges wat sal vlug, want onthou, die volheid van die nie-Jood (Gentile) en die Jood sien uit daarna en hulle sal gehelp word. Dit is waarom daar in Lukas 21:28 staan ***omdat julle verlossing naby is***, maar die wat die duiwel gevolg het en wat verlore is, sal ***vlug in die dal van my berge***. Al die heiliges, wat Sy Bruid is, sal dan saam met die Here kom.

**Sagaria 14:6 En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees.**

Waarom sal daar nie lig wees nie? Omdat Hy (Christus) die lig is.

**Sagaria 14:7 En dit sal 'n enige dag wees wat aan die Here bekend is – geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word.**

## ii) SATAN WORD GEBIND

Hoekom? Net vir een rede en dit is om die satan te bind soos wat hy sê in Openbaring 19.

**Open 19:19 En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.**
**Open 19:20 En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.**
**Open 19:21 En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.**

## iii) DIE OORDEEL

Dit is die oordeel (judgment) wat kom om totaal en al hierdie heerskappy, die konings van die aarde, die dier en die valse profeet te vat, te bind en in die poel van vuur te werp en satan te bind. Daar word dan heerskappy uitgevoer en hierdie wêreld word gewys hoe hierdie aarde van die begin af oor geheers moes word. Na 'n duisend jaar sal die satan weer losgemaak word. Lees die Bybel gerus verder.

**Open 20: 10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.**

Die groot wit oordeel sal dan kom, die ou hemel en ou aarde sal tot niet gemaak word en 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde sal geskep word. Heerskappy sal gegee word vir die Eenheid met 'n nuwe naam in Christus Jesus onse Here. Die ewigheid breek aan en die Bruid en die Bruidegom sal tot in alle ewigheid saam met Christus heers.

## iv) DIE GROOT VERDRUKKING

Ek wil net dit sê. Die mense wat deur die groot verdrukking sal gaan, die Josefs en die Benjamins, sal wel as konings heers vir die duisend jaar lank wat Christus en Sy Bruid op aarde is, maar hulle sal nie die ewigheid saam heers nie. Wat hulle gaan wees weet ons nie. Die Bybel sê nie vir ons iets daaromtrent nie, inteendeel, die ewigheid is nie beplan nie. Ek glo daardie outoriteit en gesag lê alles in die hand van die Bruid. As ons die verbond (covenant) lees, soos in die boek Hebreërs beskrywe

word, sal jy sien dat die loon van die ou Gods manne en ou Gods vrouens lê in die baarmoeder van die Bruid. Hulle het nog nie hulle loon ontvang nie. Die Bruid moet nog eendag hulle loon vir hulle gee. Ek het ook elke hoofstuk van die boek Hebreërs, versie vir versie, deurgewerk in 'n hele klomp leringe. **(Verwys: Hebreërs Lesings)**

Dit wys net vir jou hoe 'n groot sê gaan die Bruid eendag hê. Dit is skrikwekkend om te dink met hoeveel gaan God ons toevertrou. Ons, die Bruid, moet eendag die loon van Abraham, Isak, Jakob, Daniël en al daardie manne vir hulle voortbring (baar). Mense dit is verstommend, en dan wil ons dit verruil vir 'n bottel brandewyn of wat ook al. Moenie jou eersgebore reg verruil nie. Jou eersgebore reg is die Lam van God.

## JOU TOEKOMS

**Jy het die volste reg as mens om**:

1. Christus Jesus aan te neem as jou Verlosser en Saligmaker deur:
- vry te kom
- die Here te volg
- Hom te dien
- gedoop te word, soos wat die Bybel sê onderdompel te word, in die naam van Vader Seun en Heilige Gees in die naam van Here Jesus Christus en Hom te volg

2. Gevul te word met die Heilige Gees sodat God se Gees vir jou:
- kan transformeer
- kan help
- kan lei
- vir jou die volwassenheid bring, sodat:
  - ✓ jy die volheid van die heerlikheid van die Here hier op aarde kan uitlewe
  - ✓ jy getuie kan word vir Hom
  - ✓ jy kan begin voortbring (baar)
  - ✓ jy die heerlikheid van die Here na die nasies toe te kan vat.

3. Sodoende kan jy jouself beklee met rein fyn linne, wat die regverdige dade van die heiliges is, vir wanneer Christus kom om ons te kom haal **(Open 19:8)**
- ons saam met Hom weggevoer kan word
- ons deel kan wees van die geskenk, die liggaam van Christus Jesus, wat aan Christus gegee sal word as geskenk deur die Vader
- daardie nuwe eenheid kan verklaar word
- saam met Hom kan heers tot in alle ewigheid

4. Sal terugkom aarde toe
- satan vir oulaas vernietig word
- al die ongelowiges vernietig kan word en 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde geskep word.
- ons in alle ewigheid kan heers saam met die Lam van God, ons Bruidegom,

Die Here seën elke oor wat hoor wat die Gees van God in die gemeente sê.

Ek hoop en vertrou dat elkeen van julle hierdie lering (teaching) waardeer soos wat ek dit waardeer het. Dit is regtig baie kosbaar.

-o0o-

Ek weet dit was ‘n mondvol en dat dit baie was, maar ek hoop dat jy hierdie lering stukkie vir stukkie sal gaan ontleed en bestudeer. Onthou, ek gee net vir jou dit wat die Here vir my gee. Gaan werk dit verder deur met die Here.

Mag die Here jou seën en mag dit met jou goedgaan.

-o0o-

Daarom sal God die leiers veroordeel soos ons sien in Eségiël 34, omdat hulle die skape verhonger het. Leiers gaan geoordeel word - nie die skape nie.

## Prophecy Against the Shepherds of Israel

**Eségiël 34:1** En die woord van die HERE het tot my gekom en gesê:

Eseg. 34:2 Mensekind, profeteer teen die herders van Israel; profeteer en sê vir hulle, die herders: So spreek die Here HERE: Wee die herders van Israel wat aan hulleself weiding verskaf! Moet die herders nie die skape laat wei nie?

Eseg. 34:3 Julle eet die vet en beklee julle met die wol; julle slag die vettes, maar die skape laat julle nie wei nie;

Eseg. 34:4 julle versterk die swakkes nie en maak die siekes nie gesond nie en die wat gewond is, verbind julle nie en wat weggedryf is, bring julle nie terug nie en wat verlore is, soek julle nie; maar met strengheid heers julle oor hulle en met hardheid.

Eseg. 34:5 So het hulle dan verstrooid geraak, omdat daar geen herder was nie; en hulle het die voedsel geword vir al die wilde diere van die veld en het verstrooid geraak.

Eseg. 34:6 My skape dwaal rond op al die berge en op al die hoë heuwels; ja, oor die hele oppervlakte van die aarde is my skape verstrooi, sonder dat iemand na hulle vra of hulle soek.

Eseg. 34:7 Daarom, o herders, hoor die woord van die HERE:

Eseg. 34:8 So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, omdat my skape ’n prooi geword het en my skape as voedsel gedien het van al die wilde diere van die veld, omdat daar geen herder was nie, en my herders na my skape nie vra nie; en die herders aan hulleself weiding verskaf, maar my skape nie laat wei nie—

Eseg. 34:9 daarom, o herders, hoor die woord van die HERE!

Eseg. 34:10 So sê die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen die herders! En Ek sal my skape van hulle hand eis en maak dat hulle geen skape meer oppas nie, sodat die herders aan hulleself nie meer weiding sal verskaf nie; en Ek sal my skape uit hulle mond uitruk, sodat dit hulle nie as voedsel sal dien nie.

**Romeine 11:25** Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;

Rom 11:26 en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;

**Openbaring19:7** Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.

Open 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.

Open 19:9 Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.

-o0o-